



ASSESSMENT & EXAMINATIONS

Bundy Park, Schornville, KWT * Private Bag X 4571, KWT, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL		
PAPER	2		
DATE OF EXAMINATION:	NOVEMBER 2011	DURATION:	2 UUR

SECTION 1:

(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Soos in die verlede en ook soos verwag, het die oorgrote meerderheid van die kandidate die vrae op die kortverhale en die gedigte beantwoord. Hierdie kandidate het oor die algemeen 'n hoër punt in die vraestel behaal.

- * Die vraestel is gebaseer op sewe verskillende boeke (drie verskillende genres). Dit blyk dat sekere kandidate verward was as gevolg van die wye verskeidenheid vrae op die vraestel. Hulle kon 'n moonlike drie uit sestien vrae beantwoord indien hulle die gedigte in Afdeling A gekies het .
VOORSTEL :Sekere van hierdie voorgeskrewe werke moet weggelaat word. Leerders moet op 'n meer gereelde basis blootgestel word aan die uitleg en instruksies van 'n tipiese graad 12 – vraestel .
- * Die Opsteltipe vraag, getoets in Afdeling A, B en C, moet weggelaat word. Afrikaans Eerste Addisionele Taal kandidate word die geleentheid gebied om 'n maksimum van 100 punte in Vraestel 3 (Kreatiewe Skryfwerk) te verwerf.'n Ekstra literêre opstel gee veral die kandidaat met 'n goeie skryfstyl 'n onregverdig voordeel. Is die idee met die letterkunde vraestel nie om die kandidaat se kennis omtrent letterkundige aspekte te toets nie ? Die rubriek wat gebruik word om die opstel na te sien , leen homself ook tot subjektiwiteit.
VOORSTEL : Indien die literêre opstel behou word , moet die rubriek hersien word . Punte moet spesifiek toegeken word vir 'n sekere aantal toepaslike feite per geleier soos voorsien op die vraestel .Leerkragte moet ook vir die leerders die vaardighede rondom die beplanning (breinkaart / redigering) leer .
- * Gebrekkige blootstelling aan die volgende tipe vrae is ook duidelik:
WAAR / VALS – VRAE, Cloze – vrae, een – woord – antwoorde sowel as antwoorde wat aanhalings vereis.
- * Verskeie kandidate het al 16 vrae beantwoord. Getuig hierdie feit van gebrekkige voorbereiding? Sulke kandidate het baie punte ingeboet, aangesien slegs die eerste twee vrag nagesien word.



Ikamva eliqaqambileyo!

SECTION 2:

Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1: KRINGE IN 'N BOS - DALEEN MATTHEE (Opstelvraag)
<p>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered</p> <p>Die verwagting in hierdie vraag was dat kandidate 'n goeie kennis van die teks moes gehad het ten einde die hoofkarakter se gedrag tydens sekere gebeure wat hom as anders as die res van sy eie mense geskandeer het, te belig.</p> <p>Kandidate het swak gevaaar.</p>
<p>(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</p> <p>Kandidate het nie by die gegewe geleiers wat die fokus op spesifieke gebeure afgedwing het, gehou nie. Hulle het eerder ander onnodige inligting wat nie die karakter se andersheid beklemtoon nie, verskaf met die gevvolglike verlies van inhoudspunte.</p> <p>Daar moet onthou word dat opstelvrae 'n sekere format moet volg. Kandidate het ook punte verloor omdat daar dikwels geen sigbare paragraafindeling was nie.</p>
<p>(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</p> <p>Daar is nie genoeg tyd om die roman ten volle in die klas te lees nie. Addisionele taal leerders hou nie eintlik daarvan om Afrikaanse boeke te lees nie. Leerkragte moet dus effektiewe metodes ontwikkel om die lees van hierdie boeke as 't ware af te dwing. Probeer om die storie lewendig te maak – die Knysna bos is tog wêreldwyd bekend vir die enkele olifante wat nog daar is en baie van die leerders weet waar Knysna is – op ons stoep!</p> <p>Laat leerders sekere opdragte wat op die teks gebaseer is, uitvoer, m.a.w forseer hulle om die teks te lees.</p>

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Die volgende inligting is van toepassing op al die opstelvrae in die vraestel

- Kandidate het net gedeeltes van die roman/drama wat hulle onthou het in hul antwoorde weergee. Enige feit wat die vraag geaddresseer het, was net toevallig.
- Kandidate kon nie die fokus van die vraag identifiseer nie en het gevoglik te wyd geskryf sonder om die vraag aan te spreek.
- Kandidate wat aan die rolprent oor 'n roman/drama blootgestel was, het die rolprentweergawe se feite in hul antwoorde gereflekteer eerder as dit wat in die roman/drama verskyn het. (Ons moet onthou dat 'n leerder die visuele makliker as dit wat hy gelees het, onthou. Maak dus seker dat die kandidate die rolprent net as 'n addisionele hulpmiddel beskou en dat wat in die vraestel verskyn op die roman/drama gebaseer is.)

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die volgende inligting is van toepassing op al die opstelvrae in die vraestel:

- Dink aan kreatiewe maniere om die leerders te verplig om die tekste te lees.
- Woon departementele werkswinkels by .
- Vakadviseurs kan selfs van eksaminatore en senior merkers gebruik om werkswinkels te lei.
- Indien die departement nie werkswinkels reël nie, reël self werkswinkels.
- Werk hand aan hand met naburige skole wat dieselfde genres doen – deel aantekeninge en werksblaie met mekaar.
- Gemeenskaplike (kluster) toetse/eksamens is 'n goeie manier om 'n skoolgroep se vordering te toets
- Dit moet by kandidate ingeskerp word dat 'n opstelvraag baie wenig vereis dat jy net die verhaalgebeure moet gurgiteer, maar dat daar 'n spesifieke fokus moet wees , met ander woorde kritiese denke moet aangemoedig word .
- Leer kandidate hoe om die fokusarea van 'n vraag te identifiseer deur bv. sekere gedeeltes van die vraag te onderstreep.
- Kandidate moet vooraf beplan hoe hulle die vraag gaan benader.
- Skerp die noodsaaklikheid van 'n inleidende en 'n slotparagraaf in.

QUESTION 2: KRINGE IN 'N BOS - DALEEN MATTHEE (Kontekstueel)**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag is beter as die opstelvraag beantwoord. Dit kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat baie van die vroege voorafgegaan is deur teksgedeeltes wat die kandidaat darem binne die konteks geplaas het.

Kandidate het egter met die hoër orde vroege gesukkel, bv.

Vraag 2.11 wat as volg lui:

Oupoot het die regte persoon gekies om sy mens-broer te wees. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Al die kandidate het die eerste gedeelte van die vraag reg beantwoord. Die tweede gedeelte (die motivering) is feitlik deurgaans dieselfde (verkeerd) beantwoord.

Kandidate het die volgende in die gegewe teks gelees: "Oupoot sou nie 'n veraaier vir sy mens-broer gevat het nie." en dit as motivering verskaf.

Die kern van die vraag , nl. **Waarom** Saul die REGTE person was, is misgekyk.

Die meeste ander vroege wat verkeerd beantwoord is, was net as gevolg van 'n gebrekkige kennis van die roman.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate se gebrekkige kennis van die verhaalinhou het duidelik in die beantwoording van die vroege uitgekom. Hierdie het nie net tot gevolg gehad dat hulle nie inhoudsgebaseerde vroege goed kon beantwoord nie, maar vroege wat interpretasie en afleiding vereis het, is heeltemal swak benader .

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Lees, lees, lees - Daar is geen ander manier om die inhoud van 'n roman te ken as om te lees nie.

Dril sekere beantwoordingstegnieke in, bv. Hoe om die waar/onwaar vroege te beantwoord en die korrekte motivering te verskaf.

Leer leerders hoe om die kern van 'n vraag te belig en dan seker te maak dat hulle presies weet wat gevra word alvorens hulle die antwoord aanpak.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar op vraag 1 (d).

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Sien kommentar op vraag 1 (e) .

**QUESTION 3: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM
(Opstelvraag)**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag het vereis dat kandidate inzoom op die verhaalgebeure tydens 'n spesifieke geleentheid. Dit was duidelik dat die kandidate wat hierdie vraag gekies het redelik vertrouyd met die teks was.

Baie kandidate het egter té oorsigtelik geskryf en die kern van die vraag is vernalatig. Diegene wat wel op die verhaalgebeure van die spesifieke geleentheid gefokus het, het goeie punte verdien.

Dit moet ook genoem word dat dit duidelik was dat sommige kandidate glad nie die boek gelees het nie.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

In die opstelvraag is dit moeilik om presies aan te spreek waar die swak beantwoording daarvan lê. Dit is normaalweg hoofsaaklik toe te skryf aan die gebrek aan onderskeidingsvermoë tussen wat van toepassing is en wat is nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Sien kommentaar op vraag 1(c) .

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Sien kommentaar op vraag 1(e) .

**QUESTION 4: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM
(Kontekstueel)**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate het oor die algemeen redelik goed in hierdie vraag gevaaar. Baie van die kandidate het duidelik getoon dat daar genoegsame interaksie met die boek was.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die enkele kandidate wat nie te goed in hierdie vraag gevrees het nie, het met die volgende vrae geworrel:

4.10 Hier moes die kandidaat sekere karaktername by sekere gebeurtenisse voeg. Hierdie vraag het 'n deeglike kennis van die roman vereis. Kandidate het effens verward voorgekom.

4.14 Kandidate kon nie die "peroksiedpa" so duidelik verduidelik nie. Baie het tog by die korrekte antwoord uitgekom.

(C) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate kan hierdie roman geniet. Dit pas by hul ouerdomsgroep en hulle kan gevoglik met baie van die verhaalgebeure identifiseer. Maak die lees van die roman interessant. Belig sekere apekte daarvan deur bv. rolspel in die mondeling periodes. Lok besprekings uit oor waarom kandidate sekere gedrag van karakters goed –of afkeur.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar op vraag 1 (d) .

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar op vraag 1 (e) .

QUESTION 5: MEEULANDERS – ESTA STEYN (Opstel)

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie roman handel oor 'n vrou, Ryna, wat haar verlede probeer vergeet deur na 'n eiland te ontsnap. Die vraag het kandidate gevra om te fokus op hoe sekere karakters in die roman haar gehelp het om dit reg te kry en 'n nuwe lewe te begin.

Kandidate het, soos in die ander opsteltipe vroe, versuim om die onbenullige inligting van die belangrike inligting te onderskei en het gevoglik nie die vraag goed beantwoord nie. Baie kandidate het net dit wat hulle van die boek onthou, neergeskryf.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Weereens het dit baie duidelik na vore gekom dat daar baie min of selfs geen interaksie met die teks was nie. Dit het in baie gevalle gelyk asof die roman glad nie behandel is nie!

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sien kommentaar op vraag 1(c).

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar op vraag 1(d).

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar op vraag 1(e)

QUESTION 6: MEEULANDERS – ESTA STEYN (Kontekstueel)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het oor die algemeen swak gevaaar.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate se grootste fout was om die gegewe tekste as begripstoets tekste te gebruik, m.a.w. hulle het die antwoorde in die tekste gesoek. Die tekste word egter net verskaf om die kandidaat binne 'n sekere konteks te plaas. Baie min antwoorde kan direk in die teks gevind word. Kandidate moet afleidings vanuit die teks maak.

(C) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate moet opgelei word in die beantwoording van kontekstuele vroegtes. Dit is baie weinig dat antwoorde op vroegtes in die teks gevind sal word. Die teks moet net as leiding gebruik word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Kennis van die roman was gebrekkig.

Dit blyk oor die algemeen dat kandidate sukkel om gebeurtenisse/insidente aan name te koppel soos in vraag 6.15

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar op vraag 1 (e)

**QUESTION 7: POPPIE – DIE DRAMA – ELSA JOUBERT en SANDRA KOTZE
(Opstel)**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag is swak beantwoord.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Kandidate moes EEN karakter se aktiwiteite binne die drama belig. Weereens kon kandidate nie die onderskeid tref tussen wat van toepassing is en nie.

Enkele kandidate het hul antwoorde uit die inligting wat in die kontekstuele vrae voorgekom het, saamgeflans.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet blootgestel word aan inligting omtrent hierrdie spesifieke tydperk in die land se geskiedenis wat deur die drama gedek word, maar daar moet duidelik onderskeid getref word tussen die agtergrondsinligting en dit wat in die drama weerspieël word.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Kandidate het inligting wat geskiedkundig korrek, maar nie in die drama weerspieël word nie , verskaf. Hierdie duif op verwarring geskep deur die gebrek aan onderskeid tussen drama inhoud en geskiedkundige konteks.

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Sien kommentaar op vraag 1(e) .

**QUESTION 8: POPPIE – DIE DRAMA – ELSA JOUBERT en SANDRA KOTZE
(Kontekstueel)**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate wat heeltemal vertrouwd was met die inhoud van die drama, het redelik goed in hierdie vraag gevaaar. Hulle was egter in die absolute minderheid. Die meeste kandidate het hul verantwoording op die vrae vanuit die aangehaalde tekste probeer gee.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Vraag 8.2: Kandidate het probleme gehad om die gevraagde gesinsverband aan te toon.

Vraag 8.7 het vereis dat kandidate plekname in ooreenstemming met gegewe gebeurtenisse moes invul. Die plekname is in die vraag verskaf. Dit was duidelik dat kandidate nie die plekname aan die gebeurtenisse kon koppel nie.

Vraag 8.17 was soorgelyk aan 8.7 en ook hier het kandidate gesukkel om die regte pleknaam te kies.

Vrae 8.19 – 8.22 het kandidate se persoonlike reaksie op sekere vrae getoets. Hierdie reaksie moes egter binne die konteks van die drama gewees het. Kandidate het hiermee gesukkel.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Daar is baie plekname in hierdie drama. Kandidate sukkel om te onthou wat die belangrikheid van hierdie name in die drama is. Maak seker dat kandidate presies weet waarom 'n spesifieke plek belangrik is.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Sien kommentaar op vraag 1(d)

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Sien kommentaar op vraag 1(e)

QUESTION 9: PALJAS – CHRIS BARNARD (Opstel)

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Leerders het gemiddeld in hierdie vraag gevaaar .

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Kandidate wat swak gevaaar het, het te oorsigtelik oor die drama geskryf en die vraagfokus geïgnoreer. Die fokus van die vraag is gesinsverhoudings . Die verhoudings tussen sekere karakters het tot sekere optrede geleid.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Sien kommentaar op vraag 1 (c).

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Kandidate kon nie die gevolge soos swak kommunikasie, konflik, ens. as die gevolge van 'n verbrokkelende huwelik belig nie.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar op vraag 1 (d) .

QUESTION 10: PALJAS – CHRIS BARNARD (Kontekstueel)

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Enkele leerders het goed in hierdie vraag gevra. Die meerderheid het gemiddeld gevraar.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Leerders wat nie te goed gevraar het nie , het 'n bietjie met die volgende vroege geworsteel:

10.2 Kandidate het hier die karakter se omstandighede beskryf terwyl hulle moes fokus op die karakter se reaksie op sy omstandighede.

10.5.1 Kandidate moes 'n karakter se optrede regverdig, maar in plaas daarvan het hulle die optrede beskryf. Interpretasie?

10.8.1 – 4 Kandidate het die kulkunsies van die nar met mekaar verwarr.

10.17.2 Kandidate moes met insig 'n WAAR/ONWAAR antwoord motiveer. Baie kandidate het hier gefaal.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sien kommentaar op vraag 1 (c) .

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar op vraag 1 (d) .

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar op vraag 1 (e) .

QUESTION 11: BABY – EKM DIDO (Opstel)

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate se antwoorde hier het gestrek vanaf uiters swak tot baie goed. Die kandidate wat goed gevaaar het, het duidelik bewys dat daar goeie interaksie met die verhaalinhou was.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Kandidate wat swak gevaaar het, het gewys dat vele van hulle 'n baie vae of geen idee gehad oor waaroor die storie handel nie.

Verdere bydraende faktore vir die swak beantwoording van die vraag is die feit dat kandidate nie die spesifieke inhoud belig het om by die vraag aan te pas nie. Baie het net die storie oorvertel.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet geleer word hoe om effektiewe beplanning van die literêre opstel te doen . `n Tipiese literêre opstel opdrag behoort in drie fases gedek te word . Die kandidaat moet eers `n breinkaart ontwerp . Daarna moet die eerste kopie saamgestel word . Laastens word die geredigeerde finale kopie netjies uitgeskryf . Dit moet onder die leerders se aandag gebring word dat die rubriek voorsiening maak vir goeie en deeglike beplanning .

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Daar word DRIE geleiers voorsien sodat kandidate presies weet watter dele van die kortverhaal belig moet word . As gevolg van gebrekkige beplanning wyk talle kandidate van hierdie raamwerk af .

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Baie leerkrugte ervaar probleme met die feit dat daar in die matriekjaar slegs drie kwartale is om die werk te dek. Leerkrugte kan oorweeg om die letterkunde deel te maak van die ander taalafdelings. `n Voorbeeld hiervan is om die letterkundige temas as mondeling onderwerpe te gebruik . Hierdie spesifieke kortverhaal het as tema , mensehandel. Leerders kan ook byvoorbeeld as deel van kreatiewe skryfwerk `n verslag skryf van `n vermist persoon. Op hierdie manier word alle leeruitkomste en assesseringsstandarde gedek .

**QUESTION 12: OP SOEK NA KID KHUMALO – DOLF VAN NIEKERK
(Kontekstueel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Dit is duidelik dat kandidate wat nie te goed gevaar het nie, net 'n oorsigtelike kennis van die verhaalinhou gehad het. Soos in die opstelvraag, het kandidate se punte hier ook gestrek tussen gemiddeld en goed.

Kandidate wat die kortverhaal goed geken het ,is beloon met goeie punte.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die kandidate wat hier swak gevaar het, het baie min kennis van die teks gehad soos geblyk het uit antwoorde wat duidelik uit die kortverhaal beantwoord kon word. Hierdie gebrek aan kennis het dit feitlik onmoontlik gemaak om afleidingsvrae soos 12.2, 12.10.2, en 12.19 te beantwoord.

Vraag 12.6. Baie kandidate het in hierdie vraag klei getrap. Hulle kon nie by die korrekte antwoord uitkom nie en het die antwoord direk uit die aangehaalde teks gebruik.

Hierdie gebrek aan tekskennis was ook duidelik in vraag 12.12 waar kandidate inligting in kolomme reg moes herrangskik en het in 'n geraaiery ontaard .

Vraag 12.21. Hierdie vraag het getoets of die kandidate kennis gedra het van wat die uitsteltegniek behels. Hulle kon óf die tegniek benoem óf dit binne die konteks van die vraag beskryf. Baie min kandidate het hier punte verdien.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Tyd moet ingeruim word om die letterkundige terme vas te lê en dit op gegewe situasies toe te pas.

Kandidate moet ook opgelei word om verby die ooglopende te kyk.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Kandidate se response op vrae wat direk op die teks gebasseer is, was bevredigend. Die probleme het ingetree toe kandidate verby ie geskrewe teks moes dink.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders kon met sommige van die kortverhale uit eie ervaring identifiseer. Gebruik daardie feit om die kortverhale nader aan die kandidaat se eie ervaring te bring. Sodoende sal die leerder die verhaal beter onthou.

**QUESTION 13: VERSJOERNAAL
KONTAK – THEO DE JAGER (Kontekstueel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Baie kandidate het hierdie gedig as een van hul keuses gemaak.
Kandidate het redelik tot goed gevaar

Vraag 13.4.2 waar die kandidate hul vorige antwoord met aanhalings uit die gedig moes motiveer, is in omrent 80% van die gevalle korrek beantwoord. Waar kandidate hier punte verloor het, is toe hulle onnodige woorde by die aanhaling gevoeg het.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 1 het kennis omtrent beeldspraak en stylfigure getoets. Antwoorde het 'n duidelike gebrek aan voldoene onderrig en vaslegging getoon. Baie kandidate het hier punte verbeur.

Vraag 13.9 Hier het sommige kandidate nie duidelik genoeg die verskil in kommunikasie tussen twee strofes omskryf nie.

Vraag 13.12 waar simboliek getoets is, is in vele gevalle getoon dat die Bybelse simboliese betekenis van die takkie in die duif se bek nie in verband met die gedig gebring kon word nie. Kandidate het net na die Bybelse storie / Noag se ark verwys.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die volgende kommentaar is van toepassing op al die gedigte :

Gedigte sê altyd meer as wat daar geskryf staan. Dikwels moet daar na die versteekte / dieper betekenis gesoek word.

Beeldspraak en stylfigure moet deurentyd by kandidate ingeskarp word. Kandidate moet weet dat konsepte soos kontras en ironie altyd twee aspekte behels wat teenoor mekaar gestel word en altwee moet genoem word om so 'n vraag te beantwoord.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Kandidate kon nie verby die geskrewe teks dink nie.

Kandidate het in die meeste gevalle nie aanhalingstekens gebruik waar die vraag aanhalings vereis het nie.

Eenwoord antwoorde is dikwels in meer as een woord verskaf.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die volgende kommentaar is van toepassing op al die gedigte.

Probeer om digterlike terme te vereenvoudig deur dit op daaglikse gebeurtenisse toe te pas.

Die kandidate móét bv. weet dat in konsepte soos ironie en kontras daar altyd twee aspekte is wat teenoor mekaar gestel word.

**QUESTION 14: VERSJOERNAAL
WOORDE – VINCENT OLIPHANT (Kontekstueel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Baie kandidate het hierdie gedig as een van hul keuses gemaak.

Kandidate het redelik tot goed gevaaar. Veral vraag 14.12 is deur die meeste kandidate korrek beantwoord.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 14.5 Hier het die oorgrote meerderheid van kandidate die verkeerde antwoord verskaf. Dit getuig van 'n gebrek aan kennis omtrent beeldspraak.

Vraag 14.10 Kandidate moes hier kontras aandui.. Kontras is altyd tussen twee dinge/situasies/gebeurtenisse. Kandidate het in die meeste gevalle versuim om hierdie twee aspekte aan te dui. Hulle was dus nie vertrouyd met wat kontras beteken nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sien kommentaar by vraag 13 (c)

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar by vraag 13 (d)

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Sien kommentaar by vraag 13 (e)

QUESTION 15: VERSJOERNAAL KABOUTERLIEFDE – INGRID JONKER (Kontekstueel)
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Hierdie vraag is die vraag wat deur die meeste kandidate gekies is (seker as gevolg van die romantiese ondertoon in hierdie fantasie). Dit is ook die vraag waarin die kandidate die beste gevaar het. Feitlik al die kandidate kon bv. "kadoemps" as 'n voorbeeld van klanknabootsing identifiseer.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Vraag 15.7 Die oorgrote meerderheid van die kandidate kon nie in hierdie vraag die beklemtoningsfunksie belig nie.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar by vraag 13 (c) .
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Sien kommentaar by vraag 13 (d) .
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Sien kommentaar by vraag 13 (e) .

**QUESTION 16: VERSJOERNAAL
STAD IN DIE MIS – DJ OPPERMAN (Kontekstueel)**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question.
Was the question well answered or poorly answered?**

Baie min kandidate het hierdie vraag beantwoord. Hierdie kandidate het ook swakker as die ander kandidate gevaar. Om hierdie gedig ten volle te begryp en te waardeer moes kandidate op 'n abstrakte vlak dink

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Min kandidate kon buite die teks dink. Vrae waarmee daar veral gesukkel is, is:
16.5 Hier moes die kandidaat die funksie van enjambement binne die konteks van die gedig verskaf. Enige generiese veduideliking van enjambement was nie aanvaarbaar nie.
16.8 Hier moes die kandidaat drie agtereenvolgende woorde aanhaal wat op die verskillende hoogtes van geboue dui. Nêrens in die gedig kom die woord "geboue" voor nie en die kandidaat moes sy eie afleidings maak.
16.10 Kandidate het hier gesukkel om die korrekte beeldspraak en stylfigure te identifiseer.
16.12 Kandidate het ook gesukkel om die korrekte sintuig waarmee die stad ervaar word te identifiseer.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar by vraag 13 (c)
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Sien kommentaar by vraag 13 (d) .
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Sien kommentaar by vraag 13 (c) .

SIGNATURE OF CHIEF MARKER: _____



SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING
Quest for Excellence through high powered performance